BYLAAG TOT SKOOLREËLS MET BETREKKING TOT COVID-19

1. Fisiese Kontak

1.1. Geen fisiese kontak (aanraking, handdruk, omhelsings, drukkies, soene ensovoorts) tussen leerders word toegelaat nie.
1.2. Leerders moet ten alle tye ’n veilige afstand (1.5 m) van mekaar handhaaf.
1.3. Leerders sal nie toegelaat word om elektroniese toestelle, eetgerei, eet- of drinkgoed, leermateriaal soos skryfbehoeftes en/of boeke/handboeke of enige ander item(s) onder mekaar te deel nie.

2. Gesigmasker

2.1. Leerders moet ten alle tye ’n gesigmasker van lap dra wat voldoen aan die vereistes van die Departement van Gesondheid.
2.2. Die masker moet die leerder se mond en neus bedek.
2.3. Maskers mag nie afgetrek word om te praat, nies of hoes nie.
2.4. Maskers mag nie van die leerder se gesig afgehaal word terwyl die leerder op die skoolterrein is nie.
2.5. Leerders mag nie maskers onder mekaar uitruil nie.

3. Wangedrag (ingevolge die Wet op Rampbestuur; Wet no. 57 van 2002)

3.1. Geen gedrag wat ander leerders of persone op die skoolterrein se gesondheid bedreig, sal toegelaat word nie.
Dit sluit in:
3.1.1. enige gedrag wat potensieel kan bydra tot verspreiding van Covid-19 in die skoolgemeenskap;
3.1.2. enige gedrag teenstrydig met gesondheidsvereistes en reëls omskryf in nasionale wetgewing en/of regulasies; en
3.1.3. enige gedrag teenstrydig met die skool se beleid en/of protokol met betrekking tot Covid-19.
3.2. Boelie en teistering van enige leerder wat siek is, simptome verbonde aan die virus ervaar of wat karaktereienskappe deel met persone wat verbind word met die Covid-19-virus, word streng verbied.

- Leerders wat hulleself aan bogenoemde skuldig maak ontvang 300 debietpunte.
- Leerders kan na 300 debietpunte ’n skriftelike waarskuwing ontvang.
- Die skriftelike waarskuwing kan opgevolg word met ’n interne verhoor of formele dissiplinêre verhoor.